

Maandag 28 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 28:1-10

Fokusgedeelte: Handeling 28:5,
8, 9 (1983-vertaling)

Deur wonderwerke werk die Heilige Gees geloof

In 'n besondere openbaring het Paulus versekering ontvang dat die skip by 'n eiland sou vergaan. Almal aan boord van die skip het behoue op die eiland Malta aangekom. Hulle is vriendelik ontvang en het by die vuur die natheid en koue verdryf.

Wanneer 'n slang vir Paulus byt, skud hy dit in die vuur af. God sorg dat hy, tot almal se verbasing, nie deur die slanggif geaffekteer word nie. Deur God gestuur, word Paulus as kragtige instrument deur die Heilige Gees gebruik. Net soos op die skip, word ook die wagtende inwoners van Malta deur die Heilige Gees vir die evangelie voorberei. Deur wonderwerke het die Heilige Gees nuwe lewe in bygelowiges se harte bewerk.

Paulus se geloofsvertroue en teenwoordigheid van gees lei daartoe dat hy as instrument nog wonderwerke laat plaasvind. Deur die genesing van Publius se pa word die priesterskap van Christus nog verder uitgedra. Nog meer mense word gesond gemaak. Só wek en werk die Heilige Gees geloof en bekering in soekende harte. Die kerk van Christus word gevestig.

Deur Paulus se voorbeding vir die siekes kom God se krag in Christus op die voorgrond. Die onsienlike God word gedank en vereer. So word Paulus, die versorger, deur die gemeenskap van gelowiges versorg. Vir hulle verdere reis na Rome het die gelowiges van Malta alles wat hulle nodig gehad het, ryklik voorsien. God het deur sy voorsienigheid vir Paulus na wagtende gelowiges gestuur. Die slanggif het niks aan Paulus gedoen nie, want hy moes nog werk doen.

Ons lewens is in God se hande. Hy bepaal alles. Wat Hy wil, gebeur. Vreesagtigheid verdwyn, want die Heilige Gees vul ons met krag, liefde en selfbeheersing. Met gerustheid kan ons alle omstandighede, teëspoed, siekte en teleurstellings positief in die geloof benader. Ons is bruikbare instrumente waardeur die Heilige Gees kragtig soekende harte aangryp en verander.

Sing: Psalm 128-1:1

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)